



NEDBANK KREDIETKAARTE

GELDESKEDULE
GELDIG VANAF 1 JANUARIE 2021

see money differently

NEDBANK

MET NEDBANK-KAARTE KAN JY DIE VOLGENDE UITSTEKENDE VOORDELE GENIET

Nedbank- en Greenbacks-kredietkaarte

- **Verdien onbeperkte Greenbacks twee maal so vinnig** met jou Nedbank Greenbacks American Express®-kredietkaart wanneer jy by die Nedbank Greenbacks-program aansluit.
- **Kry eksklusiewe Hertz- en Avis-motorhuurafslag** met jou Greenbacks American Express-kredietkaart.
- Kry jaarliks tot **12 komplimentêre besoeke*** by plaaslike Bidvest-lughawesitkamers. Bepalings en voorwaardes geld.
- Geniet **voorkeurdebetrentekoerse***.
- Kry **outomatiese basiese reisversekeringsdekking van tot R3 000 000** ten opsigte van die Nedbank Platinumkredietkaart en tot R2 000 000 ten opsigte van die Nedbank Goue kredietkaart wanneer jy jou retoerreiskaartjies met jou kaart betaal.
- Geniet **persoonlike kaartaflewering***.
- Kry **bykomende kaarte** vir jou gade of lewensmaat en **verdien Greenbacks vinniger**.
- Kry gratis **vervangingskaarte***.
- Gebruik jou **begrotingsfasiliteit** en betaal jou aankope oor 'n gekose termyn af.
- Betaal **geen gelde** vir kaartbetalings nie.
- Geniet tot **55 dae se rentevrye krediet**.
- Kry gratis **transaksie-SMS'e**.
- Geniet vinnige en maklike betalings met jou kaart wat vir **kontaklose transaksies** geaktiveer is.
- Geniet die opsie van **kredietlewensdekking**.

* Net Platinumkaarte.

Nedbank Greenbacks

Net omdat jy 'n Nedbank Greenbacks American Express-kredietkaart het, is jy **outomaties deel van** die nuwe Nedbank Greenbacks-gelddbestuursprogram. Stel jou voor – 'n gelddbestuursprogram wat jou beloon **elke keer wanneer jy jou kaart gebruik!** Dis die nuwe Nedbank Greenbacks-program.

Die nuwe Greenbacks is 'n **gelddbestuursprogram** wat jou beloon wanneer jy beter geldbesluite maak. Verdien Greenbacks gebaseer op hoe jy jou geld bestuur en kry toegang tot eksklusiewe aanbiedings en voordele. Met Greenbacks vat jy beheer oor jou geldgewoontes en verander dit na haalbare finansiële doelwitte.

Jy verdien onbeperkte Greenbacks twee keer so vinnig met jou Nedbank Greenbacks American Express-kredietkaart. Daar is **geen vervaldatums, perke of vlakke nie!** Jy kan jou Greenbacks op verskillende maniere gebruik – jy kan data, lugtyd en elektrisiteit daarmee koop deur die Nedbank Money-toep te gebruik, of jy kan jou Greenbacks as kontant met jou Greenbacks SHOP-kaart gebruik.

Waarom wag? **Laai vandag die Nedbank Money-toep af** om toegang tot Greenbacks te kry.

'n Veilige en gerieflike manier om jou geld **op 'n drafstap** te bestuur. Nou kan jy **enige tyd, enige plek**, jou banksake doen. Ontdek 'n nuwe manier om jou geld te visualiseer en te gebruik.

Maandelikse gelde	Instandhoudings-gelde	Krediet-fasiliteitsgelde ¹	Bykomende-kaart-gelde	Greenbacks-koppelingsgelde
NEDBANK-KREDIETKAARTE				
Nedbank Klassiek	R32,00	R18,50	R32,00	R24,00
Nedbank Goud	R32,00	R18,50	R25,00	R24,00
Nedbank Platinum	R57,00	R26,00	R30,00	R24,00
Nedbank Mastercard Goud*	R34,00	R21,00	R25,00	Nie van toepassing nie
Dezign*	R14,50	R18,50	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie
Ke Yona*	R60,00	R18,50	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie
Go Banking	R25,00	R18,50	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie
Garagekaart	R40,00	R18,50	R30,00	Nie van toepassing nie
NEDBANK GREENBACKS-KREDIETKAARTE (BELONINGS)				
Greenbacks Klassiek*	R32,00	R18,50	R32,00	R24,00
Greenbacks Goud	R32,00	R18,50	R25,00	R24,00
Greenbacks Platinum	R57,00	R26,00	R30,00	R24,00
Savvy en Professionele Bondel	Gratis	Nie van toepassing nie	Gratis	Gratis

* Hierdie produkte is nie meer beskikbaar nie.



SKANDEER EN BETAAL

Bestuur jou geld soos nog **nooit tevore** nie. Het jy nie kontant, jou beursie of tyd nie? Nedbank Money is die enigste banksake-toep waarmee jy kan betaal waar ookal jy 'n **Masterpass-, Pay@-, SnapScan- of Zapper QR-kode** sien, hetsy by 'n restaurant, betaalpunt, naweekmark, aanlyn of vir nutsrekenings. Meer opsies aan die kom.



Geniet veilige, maklike betalings en toegang tot krediet vir alledaagse of groter aankope met 'n Nedbank-kredietkaart. Gebruik dit by meer as 25 miljoen plaaslike en internasionale winkels.

Soort transaksie/gelde	Aantekeninge	Gelde (15% BTW ingesluit)
Eenmalige aanvangsgelde	2	R198,00
Transaksiegelde		
Inskrywingsgelde: Selfdiensbanksake	3	Gratis
Deposito's		
Tjekdeposito		
– By 'n Nedbank-OTM of -tak		R65,00
Kontantdeposito:		
– By 'n Nedbank-tak		R80,00 plus R2,00 per R100
– By 'n Nedbank-OTM		R1,20 per R100
Kontantonttrekkings		
By 'n Nedbank-OTM		R2,20 per R100
By 'n ander bank se OTM		R10,50 plus R2,20 per R100
By 'n tak		R80,00 plus R2,20 per R100
By 'n internasionale OTM	4	R55,00 plus R2,20 per R100
Elektroniese betalings		
Telefoonbanksake: Selfdiens		R8,35
SMS-banksake		R8,35
By 'n selfdiensterminaal		R8,35
Nedbank Aanlyn Bankdienste		R8,35
Telefoonbanksake: Agentbystand		R8,35
Selfoonbanksake		R8,35
Nedbank Aanlyn Bankdienste-betalingskenningsgewing – SMS		R1,15
Nedbank Aanlyn Bankdienste-betalingskenningsgewing – e-pos		R1,15
Nedbank Aanlyn Bankdienste-betalingskenningsgewing – faks		R15,00
Tussenrekeningoorplasinge		
Telefoonbanksake: Selfdiens		R4,30
SMS-banksake		R4,30
By 'n selfdiensterminaal		R4,30
Nedbank Aanlyn Bankdienste		R4,30
Selfoonbanksake		R4,30
Telefoonbanksake: Agentbystand		R4,30
By 'n tak		R100,00



Kry onmiddellike, papierlose toegang tot jou bankstaat met Nedbank eState.

Registreer vir
eState. Skakel
0860 555 111.

Soort transaksie/gelde	Aantekeninge	Gelde (15% BTW ingesluit)
Saldonavraag		
By 'n kooppunt		R2,00
By 'n selfdiensterminaal		Gratis
Nedbank Aanlyn Bankdienste		Gratis
Telefoonbanksake: Selfdiens		Gratis
SMS-banksake		Gratis
By 'n Nedbank-OTM		Gratis
By 'n tak		R15,00 (een gratis per debiteringsiklus)
By 'n ander bank se OTM		R8,50
State		
Toonbank aanvraag – tak		R30,00
Nedbank Aanlyn Bankdienste		Gratis
Ministaat by 'n Nedbank-OTM		Gratis
Toonbank transaksielys aanvraag – tak		R30,00
By 'n selfdiensterminaal – binne 90 dae		Gratis
By 'n selfdiensterminaal – meer as 90 dae		Gratis
Nedbank-OTM transaksielys		R8,50
Geposte staat		Gratis
Ander koste		
Geweerde transaksie weens onvoldoende fondse:		
– By 'n Nedbank-OTM		Gratis
– By 'n ander bank se OTM		R8,60
– By 'n kaartmasjien		R8,60
Opspoorgelde		Tot R410,00
Spesiale verrekening van 'n tjek in 'n tak gedeponeer		R130,00
Persoonlike kaartaflewering (waar van toepassing)	6	R160,00
Selfdedag-kaartaflewering		R430,00
Vervangingskaart	5	R145,00
Brandstofaankoop (net op garagekaart van toepassing)		R6,50
Verkeerdelik betwiste transaksie:		
– Internasionaal		R195,00
– Plaaslik		R160,00
Internasionale valutaomsettingsgelde	4	2%
Gedishonoreerde betaling		R90,00
LOTTO fooi		R2,70
PowerBall fooi		R2,70
LOTTO Plus fooi		R2,70



Ons behou die reg om enige tyd enige gelde of koste te wysig nadat billike kennis gegee is.

Aantekeninge

- 1 Die kredietfasiliteitsdiensgelde kan verskil, afhangende van jou risikoprofiel (maksimum R49,00). Die kredietfasiliteitsdiensgelde dek die koste wat verband hou met die verskaffing van die kredietfasiliteit, tot 55 dae se rentevrye krediet, roetineadministrasie en instandhouding van die kredietfasiliteit, asook die kapitaalkoste wat met die verskaffing van die kredietfasiliteit verband hou.
- 2 Jy betaal geen aanvangsgelde vir Savvy- en Professionele Bondel-kredietkaarte nie.
- 3 Dit sluit banksake by selfdiensterminale asook met Nedbank Internet Banksake, SMS-banksake, Telefoonbanksake: Selfdiens, Telefoonbanksake: Agentbystand en Selfoonbanksake WAP in. Gratis vir Savvy- en Professionele Bondel-kredietkaarte.
- 4 Valutaomsettingsgelde is op alle buitelandse transaksies van toepassing.
- 5 Ook op garagekaarte van toepassing. Gratis vir Platinum-, Savvy- en Professionele Bondel-kredietkaarte.
- 6 Persoonlike aflewering is gratis vir Platinum-, Savvy- en Professionele Bondel-kredietkaarte.

Nedbank is daartoe verbind om sy geldstrukture eenvoudig, deursigtig en maklik verstaanbaar te maak. Met die oog hierop word eenvoudige taal en benoemingskonvensies in al ons literatuur gebruik.

Jy kan ook die Nedbank Kontaksentrum by 0860 555 111 (kantoorure) skakel, waar bankgeldespesialiste beskikbaar is om jou met enige geldeverwante vrae behulpsaam te wees.

Die Nedbank Bankgeldeberekenaar is 'n aanlyn hulpmiddel wat maklik is om te gebruik en wat jou kan help om die gelde van toepassing op jou spesifieke soort rekening te verstaan en te bereken. Dit stel jou ook in staat om jou huidige gelde te vergelyk met dié van ander Nedbank-produkte asook met die gelde wat deur ander Suid-Afrikaanse banke gevra word.

Nedbank Bpk Reg No 1951/000009/06. Gemagtigde finansiële diens- en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP16).

WENKE OM JOU GELD TE BESKERM



Gebruik jou kaart in plaas van kontant om vir aankope te betaal – dis veiliger.



Kies 'n unieke PIN en hou dit geheim. Moet nooit vanselfsprekende inligting, soos jou telefoonnommer, geboortedatum of adres vir jou PIN gebruik nie.



Memoriseer jou PIN. Moenie jou PIN met enigeen deel, dit neerskryf of op jou selfoon stoor nie – nie eers as iets anders verdoesel nie.



Verander dadelik jou PIN as jy vermoed iemand weet wat dit is, insluitend 'n vriend of familielid.



Wees bewus van jou omgewing wanneer jy 'n OTM gebruik of vir goedere betaal. Moet nooit hulp van enigeen aanvaar nie, selfs al lyk dit soos 'n regte sekuriteitspersoon.



As jy vermoed 'n OTM of selfdiensterminaal het jou kaart teruggehou, of dat iemand jou PIN gesien het, skakel Nedbank Kaart (verlore en gesteelde kaarte) by **0800 110 929** of die Nedbank Kontaksentrum by **0860 555 111** en kanselleer jou kaart dadelik.



Hou altyd die PIN paneel toe wanneer jy 'n OTM gebruik of vir goedere betaal.



As jy ongemaklik voel wanneer jy 'n OTM gebruik, kanselleer die transaksie en gebruik 'n ander masjien.



Moet nooit jou eenmalige wagwoord telefonies deel nie, en moet nooit 'n Approve-it-boodskap op jou selfoon aanvaar as jy nie 'n transaksie aanlyn geïnisieer het nie.



Wees veral versigtig met e-posse of telefoonoproepe wat vra dat jy jou PIN, eenmalige wagwoord of kaartbesonderhede vir sekuriteits- of aantekendoeleindes moet deel. Moet nooit vir enigeen vertel wat jou PIN of eenmalige wagwoord is nie.



Wees bewus van aanlyn skelmstreke. Nedbank sal nooit per e-pos of SMS vir aantekenbesonderhede soos jou PIN of wagwoord vra nie.



As jy 'n Approve-it-boodskap ontvang vir 'n transaksie wat jy nie geïnisieer het nie, moet die transaksie geweier en die insident dadelik by Nedbank by **0800 110 929** aangemeld word. Maak seker dat jy transaksie-SMS'e ontvang om op hoogte van aktiwiteite in jou rekening te bly.

KONTAK ONS



Skakel 0860 555 111.



Gaan na
nedbank.co.za.



Besoek jou naaste
Nedbank.

Nedbank Kaart
Nedbank 135 Rivonia-kampus
Rivoniaweg 135 Sandown Sandton 2196 Suid-Afrika
Posbus 1144 Johannesburg 2000 Suid-Afrika